

# 22

## DIE SKAAPWAGTERS EN DIE ENGELE

### Die goeie tyding bring groot blydskap

#### **FASELES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet die geboorte van Jesus is die beste boodskap vir die wêreld.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet die geskiedenis van die geboorte van Jesus ken.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet met blydskap die boodskap van die geboorte van Jesus met ander mense deel.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet die Here loof en dank vir dit wat Hy vir ons gedoen het.

#### **MEER INLIGTING (Lukas 2: 8-17)**

Daar was skaapwagters in die veld naby die dorpie Betlehem waar Jesus gebore is. Hulle het daar in die oop veld by hulle skape gebly. Die skaapwagters het hulle skape opgepas sodat wilde diere nie die skape kon vang of iemand dit steel nie. Die nag waarin Jesus gebore is, het daar 'n engel na die skaapwagters toe gekom. Die glans en die heerlikheid van die Here het rondom hom geskyn. Dit was soos 'n baie helder lig. Die skaapwagters het groot geskrik. So iets het hulle nog nooit gesien nie. Die engel sê toe vir die skaapwagters: *Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap.* Die engel het vir die skaapwagters vertel dat Jesus in Betlehem gebore is en dat Hy die Verlosser is. Hy is met doeke toegedraai en lê in 'n krip. Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God loof en prys. Die skaapwagters het die engel geglo en na Betlehem toe gegaan. Daar het hulle Josef en Maria gekry, met Jesus wat in die krip lê. Die skaapwagters het aan ander gaan vertel wat die engel vir hulle gesê het.

Hulle het geglo en so ver hulle gegaan het, gaan vertel van die Verlosser wat gebore is. Ons moet dit glo net soos die skaapwagters. Ons moet ook aan ander gaan vertel dat Jesus die Verlosser van die hele wêreld is.

Skaapwagters was nie belangrike mense in die Bybelse tyd nie. Tog het God besluit om sy engel na hulle toe te stuur om aan te kondig dat Jesus, ons Verlosser, gebore is in Betlehem. Dit is dus vir ons belangrik om te weet dat God nederige mense gebruik in sy diens.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Wit A5-karton met 'n afdruk van die engeltjie hieronder daarop – een vir elke kind.
- Watte en gom.
- Papier-pieringdoilies.
- Goue glinstergom.

## **KOM ONS BEGIN**

Vra 'n gewillige kind om te open deur Psalm 23 uit die Bybel te lees en te bid.

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Lees Lukas 2: 8-17 in die klas voor.

### **IETS INTERESSANT**

Maak die inhoud van MEER INLIGTING jou eie, en vertel van die skaapwagters en Jesus se geboorte.

### **IETS BELANGRIK**

Skerp die volgende by hulle in:

- 'n Engel het die skaapwagters naby Betlehem van Jesus vertel.
- Dit is belangrik om te weet dat God gewone mense gebruik in sy diens.
- Die skaapwagters het groot geskrik.
- Die engel sê toe vir die skaapwagters: *Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydschap.*
- Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God loof en prys.
- Die skaapwagters het die engel geglo en na Betlehem toe gegaan.
- Die skaapwagters het geglo en aan ander gaan vertel wat die engel vir hulle gesê het.
- Ons moet dit glo net soos die skaapwagters.
- Ons, wat ook maar gewone mense is, kan ook aan ander gaan vertel dat Jesus die Verlosser van die hele wêreld is.


## IETS OM TE DOEN

Verdeel die klas in twee groepe – so ver moontlik gelyke hoeveelhede uit elke graad.

- Laat die kinders saamwerk en mekaar help om elkeen 'n engeltjie as Kersversiering te maak.

Dit werk so:

- Elke kind ontvang 'n afdruk van 'n engeltjie op wit karton.
- Laat hulle die engeltjie uitsny en op die stippellyne vou soos aangedui.
- Laat hulle watte aan die kop plak vir hare en die armgleuf deursny.
- Laat hulle 'n papierdoilie in die helfte vou en dan in 'n keël.
- Hulle moet die punt van die papierdoilie deur die gleuf steek en dit vasplak om dit in posisie te hou.
- Laat hulle die engeltjie met goue glinstergom versier.
- Die kinders gee hulle engetjies vir iemand in 'n ander graad as Kersgeskenk.
- Elkeen kan sy geskenk huis toe vat en as Kersversiering op hulle Kersboom gebruik.



- Laat die kinders in hulle groepe in die Bybel gaan opkyk watter belangrike mense in die Bybel ook skaapwagters was en wie die grootste van alle herders is (Eksodus 3; 1 Samuel 17; Psalm 23; Jesaja 40). *Moses, Dawid* en die Here self.
- Laat hulle met 'n kruisie merk of die volgende stellings waar of vals is. Indien dit vals is, skryf hulle die regte stelling onderaan neer. (Laat hulle in hulle groepe saam dink en saam werk.)
- Die engel het in die nag waarin Jesus gebore is, na die skaapwagters toe gekom. *Waar.*
- Die skaapwagters was nie bang nie. *Vals. Die skaapwagters het groot geskrik.*
- Die engel het vir die skaapwagters vertel dat Jesus in Jerusalem gebore is. *Vals. Jesus is in Betlehem gebore.*
- Die engel het vir die skaapwagters gesê dat Jesus die Verlosser is. *Waar.*
- Die skaapwagters het stilgebly oor wat die engel aan hulle vertel het. *Vals. Die skaapwagters het geglo en aan ander vertel van die Verlosser wat gebore is.*
- Ons moet glo in Jesus en net soos die skaapwagters van Hom gaan vertel. *Waar.*

Kontroleer of die kinders se antwoorde reg is.

## **AFSLUITING**

Lees Gesang 364: 1, 2 en 3 (verkort), en sluit af met gebed.

*Herders op die ope velde  
het dié nag die eng'lekoor  
met die blye evangelie  
uit die hemel aangehoor.*

*Met hul harte vol van vreugde  
praat hul van die Jesuskind:  
Herder vir die mens op aarde  
wat verdwaaldes soek en vind.*

*Ere in die hoogste hemel,  
klink dit nou die wêreld deur:  
Liefde, vrede, welbehae  
daal in Jesus tot ons neer.*

**Uiters belangrik: Volgende week se les het baie voorbereiding nodig. Kyk reeds vandag wat alles gedoen moet word.**